basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

MUSIEK V1

FEBRUARIE/MAART 2015

MEMORANDUM

PUNTE: 120

Hierdie memorandum bestaan uit 27 bladsye.

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VYF afdelings, naamlik AFDELING A, B, C, D en E.

2. AFDELING A en B is verpligtend.

3. AFDELING C: WESTERSE KUNSMUSIEK (WKM), AFDELING D: JAZZ en AFDELING E: INHEEMSE AFRIKA-MUSIEK (IAM) is keusevrae. Beantwoord slegs EEN van hierdie afdelings (AFDELING C of D of E).

4. Skryf al die musieknotasie in AFDELING A met potlood en al die geskrewe teks met blou of swart ink.

5. Beantwoord AFDELING B en AFDELING C of D of E met blou of swart ink in die ANTWOORDEBOEK wat voorsien word.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Die laaste bladsy van hierdie vraestel is manuskrippapier wat vir rofwerk bedoel is. Kandidate mag hierdie bladsy verwyder.

8. Kandidate mag vir die duur van hierdie eksamen NIE toegang tot enige musiekinstrument hê NIE.

9. Skryf netjies en leesbaar.

NASIENROOSTER

AFDELING	VRAAG	PUNTE	NASIENER	MODERATOR
A: Musiekteorie (VERPLIGTEND)	1	20		
	2	15		
	3	10		
	4	15		
SUBTOTAAL		**60**		
EN				
B: ALGEMENE MUSIEKKENNIS (VERPLIGTEND)	5	20		
SUBTOTAAL		**20**		
EN				
C: WKM	6	10		
	7	8		
	8	7		
	9	15		
SUBTOTAAL		**40**		
OF				
D: JAZZ	10	10		
	11	8		
	12	7		
	13	15		
SUBTOTAAL		**40**		
OF				
E: IAM	14	10		
	15	8		
	16	7		
	17	15		
SUBTOTAAL		**40**		
GROOTTOTAAL		**120**		

AFDELING A: MUSIEKTEORIE (VERPLIGTEND) (90 minute)

Beantwoord VRAAG 1
EN VRAAG 2.1 OF 2.2
EN VRAAG 3
EN VRAAG 4.1 OF 4.2.

Beantwoord die vrae in die spasies wat op hierdie vraestel voorsien word.

VRAAG 1 (25 minute)

Bestudeer die uittreksel uit die driestemmige koorstuk *Amagqabi Emithi* deur B Tyamzashe hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



1.1 Wat is die tydmaatteken van hierdie stuk?

Antwoord:
6/8

6/8 = 1 punt

(1)

1.2 Noteer die omkering van die interval by **1.2**. Skryf en benoem die omgekeerde interval in die spasie wat hieronder voorsien word. Gebruik die G-sleutel, heelnote en skryf sonder 'n toonsoortteken.

Antwoord:



Vergrote 4de

Korrekte notasie	*= 1 punt – enige korrekte toonhoogte register sal aanvaar word*
Vergrote vierde	*= 1 punt*

(2)

1.3 Benoem die interval by **1.3**.

Antwoord:
Verminderde 12de/saamgestelde verminderde 5de

Verminderde 12de of saamgestelde verminderde 5de	*= 1 punt*
Slegs verminderde 5de	*= ½ punt*

(1)

1.4 Benoem die tipe drieklank by **1.4**.

Antwoord:
Verminderd

Verminderd = 1 punt

(1)

1.5 Transponeer die basparty van maat 3 'n mineur derde laer. Skryf jou antwoord in die altsleutel. Voeg die nuwe toonsoortteken by.

Antwoord:



Sleutel	*= 1 punt*
Toonsoortteken	*= 1 punt*
Toonhoogte	*= 2 punte (1 punt per maatslag)*
(Minus 'n ½ punt per fout tot 'n maksimum van 2 punte)	

(4)

1.6 Herskryf die altparty van maat 3 in 'n enkelvoudige tydmaat. Voeg die nuwe tydmaatteken by.

Antwoord:



Tydmaatteken = 1 punt *Korrekte nootwaardes = 1 punt* *(Minus 'n ½ punt per fout tot 'n maksimum van 1 punt)*

(2)

1.7 Skryf die opgaande heeltoontoonleer wat op die gegewe note begin. Gebruik heelnote.

Antwoord:



Korrekte note = ½ punt vir elke korrekte noot = 2 punte *(Minus 'n ½ punt per fout tot 'n maksimum van 2 punte)*

(2)

1.8 Skryf die volgende toonleer volgens die instruksies en gebruik die gegewe sleutel:

- Die toonleer in die verwante mineurtoonsoort van F majeur sonder 'n toonsoortteken
- Skryf slegs die harmoniese vorm van die afgaande toonleer.
- Gebruik heelnote.

Antwoord:



Korrekte note = 'n ½ punt vir elke korrekte noot = 4 punte *(Minus 'n ½ punt per fout tot 'n maksimum van 4 punte)*

(4)

1.9 Noem die toonsoort by **1.9**.

Antwoord:

C majeur/C

C majeur/C = 1 punt

(1)

1.10 Voltooi die chromatiese toonleer hieronder deur die ontbrekende note in die blok te skryf.

Moontlike antwoord A:



Moontlike antwoord B:



Korrekte note = 'n ½ punt vir elke korrekte noot = 2 punte *(Minus 'n ½ punt per fout tot 'n maksimum van 2 punte)* *(Enige ander korrekte antwoord kan ook aanvaar word.)*

(2)
[20]

VRAAG 2 **(25 minute)**

Beantwoord VRAAG 2.1 OF VRAAG 2.2.

2.1 **Konsepantwoord:**

Instrument: Fluit/Viool/Marimba, ens.

Tempo- of metronoomaanduiding



OF

2.2 **Konsepantwoord:**

Instrument: Baskitaar/Tjello, ens.

Tempo- of metronoomaanduiding



Die melodie sal volgens die volgende kriteria nagesien word:

BESKRYWING	PUNTETOEKENNING			KANDIDAAT SE PUNT
Instrumentkeuse Enige geskikte enkellyn-melodiese instrument. (Klavier word nie aanvaar nie.)	*Instrument*		=1	
Vorm en kadenspunte	*1 punt per frase x 3*		=3	
Korrekte notasie Nootstele, maatslae per maat, skuiftekens, spasiëring	*Korrekte notasie* *(Minus 'n ½-punt per fout tot 'n maksimum van 1 punt)*		=1	
Dinamiek en artikulasie			=2	
Musikaliteit Melodiese kontoer, klimaks, ritme, musikale eenheid, kreatiwiteit	7–8	***Uitstekend:*** *Samehangend en musikaal; vindingryke kadense definieer die vorm; aanvangsmotief innoverend voortgesit; geniale gebruik van tonaliteit; modulasie (nie verpligtend nie) suksesvol; melodiese kontoer meesterlik hanteer; kreatiewe benadering tot die keuse van toonhoogte en ritme*	=8	
	5½–6½	***Goed:*** *Korrek en musikaal; kadense dui vorm duidelik aan; aanvangsmotief sinvol voortgesit; tonaliteit stabiel; poging tot modulasie (nie verpligtend nie); melodiese kontoer bevredigend; keuse van toonhoogte en ritme akkuraat*		
	4–5	***Gemiddeld:*** *Musikaal nie oortuigend; nie al die kadense duidelik; aanvangsmotief nie ten volle benut nie; tonaliteit alledaags; melodiese kontoer ingeperk; keuse van toonhoogte en ritme oninteressant*		
	2½–3½	***Slaagwaardig:*** *Onmusikaal; kadense onduidelik; aanvangsmotief hoofsaaklik geïgnoreer; swak gevoel van tonaliteit; effense melodiese kontoer; swak keuse van toonhoogte en ritme*		
	0–2	***Onaanvaarbaar:*** *Geen musikale sin nie; geen sin vir kadense nie; aanvangsmotief geïgnoreer; geen tonale sin nie; geen melodiese kontoer nie; arbitrêre keuse van toonhoogte en ritme*		
	TOTAAL		**15**	

[15]

VRAAG 3 **(10 minute)**

Beantwoord AL die vrae in die spasies wat daarvoor OP die partituur voorsien is.

Bestudeer die uittreksel uit *Becky's Song* deur Martin Speake hieronder en beantwoord die vrae.

Antwoord:



3.1 Identifiseer die akkoorde vanaf (a)–(e) en besyfer dit op die partituur. Gebruik besyferingsaanduidings onder die partituur OF akkoordsimbole bokant die partituur. Let op die voorbeeld in maat 1.

Antwoord:
Verwys na partituur.

1 punt per akkoord = 5 punte *(minus ½ punt vir elke fout)* *(Alternatiewe besyferingsakkoorde, bv. Va,Vb,Vc is ook aanvaarbaar.)*

(5)

3.2 Skryf die akkoordprogressie neer en benoem die kadens by (f).

Antwoord:
- V7–I of E7–A
- Volmaakte (kadens)

V7–I of E7–A	*= 1 punt ('n ½ punt vir elke korrekte akkoord)*
Volmaakte (kadens)	*= 1 punt*

(2)

3.3 Noem die tipe nie-akkoordnote by (g) en (h), byvoorbeeld appoggiatura.

Antwoord:
(g) Terughouding
(h) (Onbeklemtoonde) Deurgangsnoot

(g) Terughouding	*= 1 punt*
(h) (Onbeklemtoonde) Deurgangsnoot	*= 1 punt*

(2)

3.4 Watter ritmiese komposisietegniek kom dikwels in die bas voor?

Antwoord:
Sinkopasie

Sinkopasie	*= 1 punt*

(1)
[10]

VRAAG 4 **(30 minute)**

Beantwoord VRAAG 4.1 OF VRAAG 4.2.

4.1 Voltooi die vierstemmige vokale harmonisering hieronder deur die alt-, tenoor- en baspartye by te voeg. Gebruik ten minste TWEE nie-akkoordnote.

Moontlike antwoord:



Die harmonisering sal volgens die volgende kriteria nagesien word:

BESKRYWING	PUNTETOEKENNING		KANDIDAAT SE PUNT
Akkoordprogressies	*1 punt vir elke progressie vanaf maat 3 (geen punt tussen maat 5 en 6)* *Bv. . IV* ✓ ii of vi X V (progressie is reg of verkeerd)	=12	
Korrektheid Notasie, verdubbeling, spasiëring, stemleiding	*Minus ½-punt per fout tot 'n maksimum van 6 punte en nie meer as minus 1 per akkoord nie*	=6	
Gebruik van nie-akkoordnote	*Enige TWEE van die volgende: deurgangsnote, hulpnote (wisselnote), terughoudings, vooruitnemings, ens.*	=2	
	Nota aan nasiener: Punt uit 20 moet nie 'n ½-punt bevat nie	**20 (÷ 4 x 3)**	
TOTAAL		**15**	

Enige ander korrekte harmonisering wat nie in die memorandum voorkom nie, kan ook aanvaar word.

[15]

OF

4.2 Voltooi die stuk hieronder deur toepaslike genoteerde harmoniese materiaal op die oop partituur in te skryf. Voeg 'n geskikte sleutel en toonsoortteken by.

Moontlike antwoord:



Die antwoord sal volgens die volgende kriteria nagesien word:

BESKRYWING	PUNTETOEKENNING		KANDIDAAT SE PUNT
Akkoordprogressies	*Gegewe akkoorde* *Akkoordprogressies* *(2 per maat, behalwe die laaste maat)*	=6 =11	
Korrektheid Notasie, verdubbeling, spasiëring, stemvoering	*Minus 'n ½-punt per fout tot 'n maksimum van 3 punte, maar nie meer as minus 1 per akkoord nie*	=3	
	Nota aan nasiener: Punt uit 20 moet nie 'n ½-punt bevat nie	**20 (÷ 4 x 3)**	
TOTAAL		**15**	

'n Ander/Kreatiewe antwoord en korrekte harmonisering sal ook aanvaar word, al verskyn dit nie in die memorandum nie. **[15]**

TOTAAL AFDELING A: 60

AFDELING B, C, D, E: ALGEMENE MUSIEKKENNIS (90 minute)

Beantwoord AFDELING B
EN AFDELING C (Westerse Kunsmusiek)
OF AFDELING D (Jazz)
OF AFDELING E (Inheemse Afrika-musiek).

Hierdie vrae moet in die ANTWOORDEBOEK wat voorsien word, beantwoord word.

AFDELING B: ALGEMEEN (VERPLIGTEND)

Een punt sal vir elke korrekte feit toegeken word.
Enige ander korrekte antwoorde wat nie in die memorandum voorkom nie, sal ook aanvaar word.

VRAAG 5

5.1
5.1.1 D Maskanda
5.1.2 D Sonatevorm
5.1.3 D Al die bogenoemde
5.1.4 B Penniefluitjie
5.1.5 C Modulasie kom dikwels voor
5.1.6 D Al die bogenoemde
5.1.7 D Al die bogenoemde
5.1.8 A beide 'n musiekgenre en 'n musiekvorm.
5.1.9 A sekulêre a cappella-solosang en a cappella-koorsang..
5.1.10 C Kantate
5.1.11 D Fluit
5.1.12 D Drie
5.1.13 D Senza
5.1.14 C Tjello
5.1.15 A Falsetto
5.1.16 C Kora

1 punt vir elke korrekte antwoord by elke vraag
Slegs die eerste 10 voltooide antwoorde van die kandidaat moet nagesien word. (10)

5.2

5.2.1	J
5.2.2	A
5.2.3	D
5.2.4	I
5.2.5	B
5.2.6	E
5.2.7	F
5.2.8	H
5.2.9	C
5.2.10	G

1 punt vir elke korrekte antwoord by elke vraag
Slegs die eerste 5 voltooide antwoorde van die kandidaat moet nagesien word. (5)

5.3.1
- Kontroleer kopiereg/eienaarskap van musiek in Suid-Afrika
- Staan digitale musieklisensies toe
- Betaal tantième aan lede
- Administreer 'n pensioenfondse vir lede
- Organiseer musiekkompetisies
- Verskaf musiekbeurse/oorsese musiekbeurse
- Organiseer konserte
- Gee opdragte vir die komponeer van nuwe musiekkomposisies

1 punt vir elke korrekte antwoord = 3 punte (3)

5.3.2
- EMI
- Sony
- Gallo
- Universal

1 punt vir elke korrekte antwoord = 2 punte (2)

TOTAAL AFDELING B: 20

Beantwoord AFDELING C (WKM)
OF AFDELING D (JAZZ)
OF AFDELING E (IAM).

AFDELING C: WESTERSE KUNSMUSIEK (WKM)

Een punt sal vir elke korrekte feit toegeken word.
Enige ander korrekte antwoorde wat nie in die memorandum voorkom nie, sal ook aanvaar word.

VRAAG 6

6.1
- Grot wat bekend staan as Fingal se Grot in die Hebride
- Landskap van die Hebride-eilande in Skotland
- Indruk van die see rondom die Hebride-eilande

1 punt vir enige EEN korrekte antwoord (1)

6.2
- 'n **Ouverture** is 'n simfoniese werk wat as inleiding tot 'n opera, ballet of verhoogopvoering gekomponeer word, waar
- 'n **Konsert-ouverture** 'n onafhanklike simfoniese werk is wat nie deel vorm van 'n opera of enige ander groot werk nie

1 punt vir Ouverture, 1 punt vir Konsert-ouverture = 2 punte (2)

6.3 Koloratuursopraan of Coloratura

1 punt (woord 'sopraan' alleen, nie goed genoeg vir 'n punt nie) (1)

6.4 C *Der Hölle Rache kocht in meinem Herzen*

1 punt vir die korrekte titel of die letter C (1)

6.5 B Sonatevorm

1 punt vir die korrekte vorm of die letter B (1)

6.6 *1 punt vir elke korrekte antwoord tot 'n maksimum van 2 punte*
Enige opera uit enige tydperk, behalwe die Klassieke Tydperk, sal aanvaar word. (2)

6.7 *Pastorale Simfonie*

1 punt (1)

6.8 *Herderslied* OF *Dankbare Gevoelens Na Die Storm*

1 punt (die hele titel moet vir een punt gegee word) (1)
[10]

VRAAG 7

	Beethoven ***Simfonie Nr. 6*** **Eerste beweging**	**Mendelssohn** ***Hebrides Ouverture***
7.1 **Italiaanse tempo-aanduiding**	Allegro ma non Troppo	Allegro moderato
7.2 **Vorm**	Sonatevorm	Sonatevorm
7.3 **Tonaliteit**	F Majeur	B mineur
7.4 **Program-elemente**	• Pastorale/Rustige atmosfeer • Plattelandse omgewing deur die titel gesuggereer: *Pastorale Simfonie*, en die subtitel: *Aangename stemming tydens aankoms op die platteland*	• Beskryf die verandering van die see-landskap van kalm tot stormagtig • Die titel suggereer 'n buite-musikale idee • Gee 'n musikale indruk van die see in die ouverture • Die openingstema (strykers en fagotte) suggereer die beweging van die see

1 punt vir elke korrekte anwoord per musiekelement vir elke werk tot 'n maksimum van 4 elemente = 1 x 4 x 2 = 8 punte

Boyden, D*: An Introduction to music,* Faber Paperbacks, p. 317
Warburton, A: *Analyses of Music Classics* Book 3, Longman, p. 126

[8]

VRAAG 8

Instrumentasie

- Strykers/dubbele houtblasers/2 horings/timpani (keteltrom)/trompette/2 trombone

Enige 6 instrumente of groepe = 3 punte (3)

Programmusiek gekoppel aan orkestrale kleur

- Vinnige stygende arpeggio's in die strykers wat indruk van weerlig skep
- Tremolo in tjello en bas gee indruk van 'n donderstorm
- Staccato-agstenote in die strykers gee indruk van reën
- Piccolo se hoë, skril note voeg by tot die hoogtepunt van die storm
- Crescendo op trombone lei tot klimaks van die storm
- Timpani-rolle gee indruk van donderweer
- Orkestrale 'aksente' gee indruk van weerlig

Enige 4 feite = 4 punte (4)

Warburton, A: *Analyses of Music Classics* Book 3, Longman, p. 134

[7]

VRAAG 9

Operatipe
- Komiese opera
- 'n Singspiel is 'n tipe musiekdrama of opera wat in Duits gesing word
- Populêre vorm van vermaaklikheid
- Bevat gesproke dialoog wat afgewissel word met liedere
- Singspiel-intriges is oor die algemeen komies of romanties
- Sluit elemente van towerkuns, fantasie-kreature en oordrewe komiese karakters wat goed en kwaad uitbeeld, in

1 punt vir elke korrekte feit tot 'n maksimum van 2 punte (2)

Orkestrale begeleiding (Instrumentasie)
- Standaard Klassieke orkes bestaande uit strykers, houtblasers, koperblasers en slagwerkseksie
- Vindingryke gebruik van instrumente, bv.
  - o Papageno se towerklokkies;
  - o Tamino se towerfluit;
  - o Die drie akkoorde gespeel deur 3 trombone in die inleiding van die ouverture

1 punt vir elke korrekte feit tot 'n maksimum van 3 punte (3)

Karakters en stemtipes
- Koningin van die Nag: Koloratuursopraan
- Die Hoëpriester, Serastro: Bas
- Die Prinses, Pamina: Sopraan
- Die Voëlvanger, Papageno: Bariton
- Die Prins, Tamino: Tenoor
- Die Dwergslaaf, Monostatos: Tenoor
- Drie Dames: Sopraan, Sopraan, Mezzosopraan
- Drie Jongelinge: Sopraan, Sopraan, Alt

1 punt vir elke korrekte feit tot 'n maksimum van 6 punte
Ten minste drie karakters en hul stemtipes moet vir 6 punte gegee word. (6)

Onderwerpe wat voorkom in die operastorielyn (storie moet nie vertel word nie)
- Tydlose drama van goed versus kwaad
- 'n Storie van triomf en dapperheid, deugsaamheid en wysheid
- Liefde – met twee verliefde paartjies
- Dapperheid –Tamino en Pamina ondergaan 'n toets onder eed van stilte
- Towerkuns – bv. Die speel van die towerfluit wanneer Tamino in gevaar verkeer
- Komedie – bv. Die komiese, eenvoudige karakter van die voëlvanger, Papageno

1 punt vir elke korrekte feit tot 'n maksimum van 3 punte (3)

Een punt vir elke korrekte feit dwarsdeur die opstel.	
Punte sal vir die volgende toegeken word:	
Operatipe	*= 2 punte*
Instrumentasie	*= 3 punte*
Karakters en stemtipes	*= 6 punte*
Drie Onderwerpe in storielyn	*= 3 punte (1 punt vir elke tema en verduideliking)*
Opstelformaat	*= 1 punt*
TOTAAL	*= 15 punte*

Grout, DJ: *A Short History of Opera,* 3rd Edition, University Press New York
Wise and Van der Spuy: *Music History and General Knowledge of Music*

[15]

TOTAAL AFDELING C: 40

OF

AFDELING D: JAZZ

Een punt sal vir elke korrekte feit toegeken word.
Enige ander korrekte antwoorde wat nie in die memorandum voorkom nie, sal ook aanvaar word.

VRAAG 10

10.1 **Zim Ngqawana**

- Gebruik sy isiXhosa agtergrond (Xhosa folk-musiek, isiXhosa spraakpatrone) om die Suid-Afrikaanse saksofoonklank uit te beeld
- Ontwikkel 'n tipiese Afrika saksofoonstyl deur vokale stembuiging na te boots

Robbie Jansen

- Besoek verskeie lande waar hy Cape Jazz speel en bekendstel
- Hy voer sy styl na ander lande uit
- Ontwikkel 'n tipiese Cape Jazz saksofoonklank deur die Klopse-styl na te boots

Winston Mankunku Ngozi

- Ontwikkel 'n tipiese Afrika saksofoonstyl deur Amerikaanse en Afrika-tradisie te vermeng
- Komponeer tipies Suid-Afrikaanse werke, bv. *Yakhal' Inkomo*

2 punte vir elke korrekte feit per kunstenaar = 6 punte (6)

10.2 10.2.1 D
10.2.2 C
10.2.3 B
10.2.4 A

1 punt vir elke korrekte antwoord = 4 punte (4)

[10]

VRAAG 11

11.1

- Begin met penniefluitspelers op straathoeke
- Sikliese akkoordstruktuur - I – IV – I6/4 – V of I – IV – V – I
- Solospelers vir busking (informele) doeleindes
- Later dikwels ondersteun deur 'n jazzband
- Matige tot flink tempo
- Skoffel-agtige maatslag
- Jive en swing-ritmes
- Vleg ander melodiese lyne om die vokale melodie (kontramelodie)

1 punt vir elke korrekte feit tot 'n maksimum van 5 punte (5)

11.2
- American Ragtime
- Swing
- Doo Wop

1 punt vir elke korrekte styl tot 'n maksimum van 2 punte (2)
[7]

VRAAG 12

12.1 **Orkeslede**
- Gestig in 1967 deur die Suid-Afrikaanse pianis/komponis Chris McGregor (1936-1990) as 'n voortsetting van The Blue Notes
- Suid-Afrikaanse lede sluit Louis Moholo, Mongezi Feza, Dudu Pukwana in
- Ander lede is Eva Parker, Paul Rutherford, Harry Beckett, Marc Charig, Mike Osborne, Nick Evans en ander
- Sluit ook Europese en VK-spelers in
- Die spellers verander, afhangende van hul beskikbaarheid
- Die oorspronklike Brotherhood of Breath eindig in die laat 70's met die dood van sommige aanvangslede
- McGregor vorm 'n tweede orkes van die groep in Frankryk gedurende die vroeë 80's
- 'n Derde orkes word in 1987 gevorm met Afrika- en Britse orkeslede

1 punt vir elke korrekte feit tot 'n maksimum van 3 punte (3)

Karaktereienskappe van die musiek
- 'n Mengsel van 'hard-driving' blues (Charles Mingus) en die ongeïnhibeerde eksperimentering (Sun Ra)
- Dinamiese Big Band ensemble
- Improvisatoriese en eksperimentele musiek
- Gesofistikeerde musikale verwerkings
- Unieke klank as gevolg van die Suid-Afrikaanse invloed
- Musikale vryheid en individuele ontwikkeling was prominent in die aanvangsjare
- Latere musiek meer rigied verwerk met minder vry improvisasie

1 punt vir elke korrekte feit tot 'n maksimum van 4 punte (4)

12.2 **Lied/Album**
- *Country Cooking*
- *Eclipse at Dawn*
- *Brotherhood*
- *Yes Please*

Enige 1 vir 1 punt (1)
[8]

VRAAG 13

Haar lewe tydens verbanning

- Kry die bynaam Mama Afrika – as gevolg van haar bydrae om Afrika-musiek wêreldwyd te bevorder
- Reis en maak opnames saam met baie bekende kunstenaars soos Harry Belafonte en Paul Simon
- Ontmoet die president van die VSA, John F Kennedy in 1962
- Gee getuienis teen apartheid voor die Verenigde Nasies in 1963 en haar Suid-Afrikaanse paspoort word teruggetrek
- Was een van die vermaaklikheidskunstenaars in die Rumble in the Jungle-wedstryd tussen Muhammad Ali en George Foreman wat in Zaïre gehou is

1 punt vir elke korrekte feit tot 'n maksimum van 4 punte (4)

Musikale prestasies en albums/treffers

- 1956: Stel album *Pata Pata* vry wat bekendheid verwerf in Suid-Afrika en later wêreldwyd
- 1959: Gaskunstenaar in die anti-apartheid dokumentêre film, *Come Back, Africa*
- 1960: Stel haar eerste VS ateljee-album, *Miriam Makeba*, vry
- 1963: Stel haar tweede ateljee-album vry wat 'n vroeë voorbeeld van wêreldmusiek is
- 1966: Ontvang die Grammy-toekenning vir Beste Folk-opname
- 1986: Aangestel as Guinea se offisiële afgevaardigde na die Verenigde Nasies en wen die Dag Hammarskjöld Vredesprys
- 1986: Hugh Masekela stel Makeba voor aan Paul Simon met wie sy later saamwerk op 'n baie geslaagde Graceland-toer en Graceland-album
- 1988: Neem deel aan Nelson Mandela se 70ste verjaarsdagviering, 'n popmusiekkonsert by die Wembley Stadium wat uitgesaai is na 'n gehoor van 600-miljoen mense
- 2004: Gekies as 38ste mees bekende Suid-Afrikaner op Top 100 Great South Africans
- An evening with Belafonte/Makeba
- *Sing me a song*

1 punt vir elke korrekte feit tot 'n maksimum van 6 punte (6)

Karaktereienskappe van musiek

- Wye verskeidenheid Afrika repertoire insluitend Marabi, Mbaqanga, tradisionele Afrika-musiek en Afrika-soul
- Verskeidenheid wêreldmusiek wat Engelse ballades, Portugese fado's, Brasiliaanse bossa novas, Hebreeuse en Joodse melodieë en Haitiaanse dreunsang, ens. insluit.
- Sy sing 'n mengsel van jazz en tradisionele melodieë uit Suid-Afrika
- Haar stem vergelyk met
  - Die 'smeulende toonkleur en delikate frasering' van Ella Fitzgerald
  - Die 'intieme warm stem' van Frank Sinatra
- Veral bekend vir haar Afrika-dialeksang en ploffende klikklanke
- Gebruik dikwels tradisionele elemente, bv. manlike 'backing'-sangers geïnspireer deur mbube-kore

- Kombineer en verpersoonlik haar eie jazz, R&B, pop en Afrika-musiekstyl
- Sing moderne weergawes van inheemse liedere in haar moedertaal isiXhosa

1 punt vir elke korrekte feit tot 'n maksimum van 4 punte (4)

Punte sal as volg toegeken word:	
Lewe tydens verbanning	*= 4 punte*
Musikale prestasies en albums/treffers	*= 6 punte*
Musikale karaktereienskappe	*= 4 punte*
Opstelformaat	*= 1 punt*
TOTAAL	*= 15 punte*

Wikipedia, the free encyclopedia **[15]**

TOTAAL AFDELING D: 40

OF

AFDELING E: INHEEMSE AFRIKA-MUSIEK (IAM)

Een punt sal vir elke korrekte feit toegeken word.
Enige ander korrekte antwoorde wat nie in die memorandum voorkom nie, sal ook aanvaar word.

VRAAG 14

14.1 **Inisiasie**

- Seremonie waarin die voorvaders opgeroep word om die inisiasie kandidate te beskerm
- Seremonie om die voorvaders te bedank vir die veilige terugkeer van die inisiasiekandidate
- Spesiale musiek en dans (Igwabo/Dikoma/Umtshilo/Domba) wat slegs gedurende hierdie seremonies gespeel word om voorvaders te paai
- Brand van ou klere om die intrede tot volwassenheid te simboliseer en aan die voorvaders te bewys
- Was in die rivier (waar geglo is die voorvaders woon) om te reinig en voor te berei vir die volwasse lewe

Huwelik

- Wierook word gebrand, diere geslag en Afrika-bier gestook om die voorvaders in te lig en te nooi na die huwelik
- Voorvaders verseker dat die persone wat in die huwelik tree, beskerm word teen die bose
- Diere word geslag om die bruid voor te stel aan die bruidegom en die bruidegom aan die voorvaders
- Maagsappe van die diere (inyongo/nyoko) word aan die bruid se voorhoof gesmeer sodat sy herken en aanvaar word deur die voorvaders van die bruidegom se familie

Begrafnis

- Die gees van die gestorwene word gesimboliseer met die tak van 'n spesifieke boom (uhlahla) wat huis toe geneem word om die voorvaders daarheen te lei
- Die gestorwene en voorvaders word deurlopend ingelig wat gebeur tot die laaste dag wanneer gestorwene begrawe word
- Kerse word aangesteek op 'n spesifieke plek in die huis van die gestorwene waar na die voorvaders geroep word tot hy/sy begrawe is
- 'n Dier (koei/bok/skaap) word geslag wanneer die gestorwene van die lykshuis terugkeer huis toe om hom/haar in verbinding met die voorvaders te bring om 'huis toe' te gaan
- Ouer vroue sit by die gestorwene deur die nag om te bid, te prys en te sing sodat die gestorwene deur God en die voorwaardes aanvaar kan word

1 punt vir elke korrekte feit tot 'n maksimum van 3 punte; slegs een seremonie moet bespreek word

(3)

14.2
- 'n Inleiding tot 'n maskanda-lied
- 'n Instrumentale fanfare wat die stemming van die lied daarstel
- Geplukte kitaarstyl (ukupika)
- 'n Boodskap word deur die vokale party oorgedra

1 punt vir elke korrekte feit tot 'n maksimum van 3 punte (3)

14.3 A, C, D, G

1 punt vir elke korrekte antwoord = 4 punte (4)
[10]

VRAAG 15

Definisie
- 'n Unieke vermenging van African Jazz met ritmes wat op die vhaVenda-tromme gespeel word

1 punt (1)

Karaktereienskappe van die musiek
- Melodieë, slagwerk en taal afkomstig van die baPedi en vhaVenda-kulture
- Afrika-ritmes word verskaf deur die bongo en malombo-tromme
- Voeg akoestiese instrumente (viole, fluite, kitaar) by die tradisionele liedere
- Sing eenstemmig saam met 'n geplukte kitaarmelodie
- Sangerige, liriese kitaar en fluitmelodieë
- Intense, teateragtige, poëtiese voordrag

1 punt vir elke korrekte feit tot 'n maksimum van 4 punte (4)

Internasionale invloed
- Vrye jazz, blues en rock-invloed uit Noord Amerika
- Kitaarverwerking en improviserende styl afkomstig van musikante soos Wes Montgomery en John McLaughlin
- Gebruik dikwels die 12-maat bluesstruktuur

1 punt vir elke korrekte feit tot 'n maksimum van 2 punte (2)

Kunstenaar
- Malombo Jazz
- Malombo Men
- Phillip Tabane

1 punt vir korrekte kunstenaar/groep = 1 punt (1)

Wikipedia, the free encyclopedia **[8]**

VRAAG 16

Oorsprong
- 'Isicathamiya' ontstaan van die Zulu-woord 'cothoza' wat 'stap liggies op jou tone' beteken'
- Trek-arbeiders ontwikkel die styl om daarmee 'n samehorigheidsgevoel in die hostelle te ontwikkel en hulself te vermaak
- Lei tot musiekkompetisies en voordragvertonings by seremonies, bv. troues
- Imbube-koorsang vorm die basis van die styl (vermenging van Afrika en Westerse kerkmusiek)

Enige feit wat verwys na die 'oorsprong' vir 1 punt (1)

Ontwikkeling
- Imbube word prominent in koorkompetisies, uitvoerings en seremonies
- Eenvoudige verhalende tekste word uitgebrei na meer betekenisvolle stelling, bv. *Homeless*
- Ladysmith Black Mambazo verhoog die noukeurigheid van ritme gebruik meer subtiele harmonieë om die styl te verfyn

Enige 2 feite wat betrekking het op die 'ontwikkeling' vir 2 punte (2)

Karaktereienskappe van die musiek
- Vierstemmige harmoniese, a cappella koorsangstyl
- Gebruik van stemtegniek, bv. ululasie en krepitasie
- Roep-en-antwoord tussen die leier en die groep
- Lirieke meesal in isiZulu
- Gestileerde choreografie ontleen aan tradisionele isiZulu-danse

Enige 3 feite wat betrekking het op die 'musiekkaraktereienskappe' vir 3 punte (3)

Kunstenaar/Groep
- Ladysmith Black Mambazo

Enige kunstenaar/groep vir 1 punt (1)

Exploring popular world music-chapter 7 (www.pearsonhighered.com),
http://isicathamiyambubevsmoderndayacapella.blogspot.com/p/isicathamiya.html
wikipedia: the free encyclopedia **[7]**

VRAAG 17

Verduideliking van kiba

- 'n Kulturele styl van die baPedivolk wat sang, dans en digkuns kombineer
- Musiekvoordrag deur manlike 'Afrika fluitspelers'
- Musiekvoordrag word gewoonlik begelei deur 3 vroulike tromspelers
- Drie tromme wat gebruik word:
  - Kiba (bastrom)
  - Moropa wa diatla (middelmatige grootte trom)
  - Ditinti (klein trom)
- Maak dikwels gebruik van poliritmes
- Melodiese struktuur is meesal vraag-en-antwoord
- Maak baie gebruik van ululasie en krepitasie
- Voordrag altyd vergesel van 'n spesifieke dansbeweging

Enige 7 feite wat betrekking het of 'verduideliking' tot 'n maksimum van 7 punte (7)

Modernisering van kiba

- Gebruik modern instrumente in plaas van tradisionele baPedi-instrumente
- Gebruik enige Afrika-taal saam met sePedi
- Enige opgeleide musikant kan leer om kiba voor te dra. Nie beperk tot enige stamgroep nie
- Kiba-musiek word kommersieel beskikbaar
- Kiba-musiek word gespeel oor 'n standaard kontemporêre trommaatslagstyl (bv. disco, hip-hop, Jazz en Suid-Afrikaanse style soos, bv. Malombo)
- Vermenging van melodiese trom-ritmes met talryke vokale antwoorde (reaksies), krepitasies en sangerige stempartye

Enige 5 feite wat betrekking het op 'modernisering' vir 5 punte (5)

TWEE vrye kiba-liedere/albums

- *Pula*
- *Fegolla Saborala*
- *Sebodu sa Mmashele*
- *Ikhaya lethu*

Enige 2 albums/liedere vir 2 punte (2)

Punte sal as volg toegeken word:	
Verduideliking van kiba	*= 7 punte*
Modernisering van kiba	*= 5 punte*
Twee vry kiba-liedere/albums	*= 2 punte*
Opstelformaat	*= 1 punt*
TOTAAL	*= 15 punte*

http://www.sowetanlive.co.za/entertainment/timeout/2010/11/05/galane_s-special-brand.html **[15]**

TOTAAL AFDELING E: 40
GROOTTOTAAL: 120

Kopiereg voorbehou